# Ons lees die **Bybel**

**2026**

NG Lydenburg (Moeder)

# Hoe reflekteer ek oor die Skrif?

**God wil met jou praat.** Daarom het Hy die Bybel gegee as ’n direkte kommunikasie met ons. In Matteus 11:25 dank Jesus die Vader dat Hy sy weg openbaar aan kinders, maar verberg vir die slimmes. God het die Bybel gegee op so ’n manier dat ek en jy sy plan kan verstaan. Hoe kan ons dan God se stem hoor?

**#Gebed:** Gebed is absoluut noodsaaklik vir die verstaan van God se pad. Vra vir die Here om vir jou insig te gee om te verstaan wat Hy deur sy Woord vir jou wil sê. Ons kan leer om, voordat ons lees, reeds te bid om onsself voor God gereed te maak om te hoor wat Hy wil sê. Nadat ons gelees het, bid ons weer en neem tyd om in stilte onder gebed te sit om toe te laat dat God met ons kan praat deur ons gedagtes te rig op wat Hy wil leer.

**#Regte vrae:** Om God se stem te hoor vra soms dat ons die regte vrae moet vra:

- Wat leer ek uit hierdie teks oor God?
- Wat leer hierdie teks vir my oor wie ek is of oor my dade?
- Waar moet my denke verander sodat ek meer begin dink soos God wil hê ek moet dink?
- Waar moet my dade en praktyke verander sodat ek begin leef soos die Woord vra?
- Wat wil die Heilige Gees vandag in my hart beklemtoon — en hoe kan ek daarop reageer?

# Gewoonte vormers

Navorsing wys een van die grootste kenmerke van geloofsgroei en dissipelskap verbind is aan Bybellees. Die uitdaging wat ons soms beleef wat maak dat ons vas sit is dat dit moeilik is om die gewoonte te bou om Bybel te lees. So hier is ‘n paar voorstelle wat regtig goed werk:

**#Skrif-voor-Selfoon:** Begin jou dag met God se stem voor enige ander stem. Selfs net ’n enkele vers voor jy jou foon oopmaak, verander jou hele dag se fokus.

**#5-5-5 metode:** 5 minute lees - 5 minute dink - 5 minute bid. ’n Klein, haalbare ritme wat jou help om stadig te lees, te luister en te reageer.

**#Herhaal-en-Kou:** Kies een teks vir die week. Lees elke dag dieselfde teks stadig en 2 keer deur. Vra:

- Wat wys dit oor God?
- Wat wys dit oor my?
- Wat vra dit van my?
- Hierdie metode bou die Woord diep in jou in.

## September

Werk, gesin & alledaagse lewe - Geloof wat prakties word

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Week 1 | **Jakobus 1** | Jakobus 2 | Jakobus 3 | Jakobus 4 | Jakobus 5 |
| Week 2 | Kolossense 1 | Kolossense 2 | **Kolossense 3** | Kolossense 4 | Psalm 128 |
| Week 3 | **Genesis 37** | Genesis 39 | Genesis 41 | Genesis 45 | Genesis 50 |
| Week 4 | Ester 1 | Ester 2-3 | Ester 4-5 | **Ester 6** | Ester 7-8 |

## Oktober

Getuienis, volharding & hoop - Leef met verwagting

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Week 1 | 1 Tess 1 | 1 Tess 2 | 1 Tess 3 | **1 Tess 4** | 1 Tess 5 |
| Week 2 | 2 Tess 1 | 2 Tess 2 | 2 Tess 3 | **Psalm 121** | Jesaja 35 |
| Week 3 | **Hebreërs 1** | Hebreërs 2 | Hebreërs 3 | Hebreërs 4 | Hebreërs 5 |
| Week 4 | Hebreërs 10 | **Hebreërs 11** | Hebreërs 12 | Hebreërs 13 | Psalm 46 |

## November

Wag op die Lig

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Week 1 | **Jesaja 7** | Jesaja 9 | Jesaja 11 | Jesaja 40 | Jesaja 52-53 |
| Week 2 | Johannes 1 | Johannes 2 | **Johannes 3** | Psalm 24 | Psalm 98 |
| Week 3 | Lukas 1 | **Lukas 2** | Miga 5 | Sagaria 9 | Psalm 100 |
| Week 4 | Galasiërs 3 | Galasiërs 4 | **Galasiërs 5** | Galasiërs 6 | Johannes 15 |

# BYBEL LEES PLAN

'n 9 maande plan

## Inleiding

Welkom by die saamleesplan! Hierdie boekie bevat 'n gestruktureerde Bybelleesplan om jou te help om met die Woord van God te werk. Gereelde Bybellees is belangrik om geestelik te groei en nie vas te steek in ons geloof nie. Hierdie plan wil jou sistematies deur uitgekiesde dele van die Ou en Nuwe Testament neem, sodat jy die storie van God met sy mense — en met jou — beter kan verstaan. Ons wil jou bemoedig om saam met ons op hierdie reis te gaan. Mag jy God se seën beleef en deur sy Woord nader aan Hom groei.

## Hoe lees ek saam?

Hierdie plan is in weke verdeel, met vyf tekste per week — een vir elke dag. Kies 'n tyd van die dag wat konsekwent vir jou gaan werk, en stel 'n wekker om daagliks die volgende Bybelteks te lees. Die bedoeling is dat jy Maandag tot Vrydag lees, met Saterdag en Sondag as opvangdae. Jy kan uit enige vertaling lees wat vir jou verstaanbaar en maklik leesbaar is.

Dit help baie om vir jouself 'n stil leeshoekie te skep waar jy gefokus kan bly. Oorweeg dit ook om neer te skryf wat jy oor God en oor jouself leer, asook wat in jou gedagtes gebeur terwyl jy lees. Gebed is natuurlik belangrik — voor én ná jy gelees het — om die Here te vra vir wysheid en insig om te verstaan wat Hy vir jou wil sê.

**#Tieners:** Ons weet julle kan byhou, maar as jy wil, kan jy drie dae se tekste per week lees.
**#Kinders:** Julle kan een dag se teks oor die week verdeel. Ouers, help julle kinders om ook saam te lees. Aanbevole kindertekste word in oranje aangedui.

## Februarie

Identiteit & Jesus se roeping - Wie is Jesus? Wie is ek in Hom?

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Week 1 | Lukas 1 | Lukas 2 | Psalm 1 | **Genesis 1** | Genesis 2 |
| Week 2 | Lukas 3 | Lukas 4 | Psalm 23 | **Genesis 3** | Genesis 12 |
| Week 3 | Lukas 5 | Lukas 6 | Psalm 27 | **Eksodus 3** | Eksodus 14 |
| Week 4 | Matteus 5 | Johannes 1 | Psalm 63 | **Genesis 22** | Eksodus 20 |

## Maart

Jesus se bediening & dissipelskap - Wat beteken dit om Jesus te volg?

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Week 1 | Lukas 7 | Lukas 8 | Psalm 51 | Joshua 1 | **Rigters 6** |
| Week 2 | Lukas 9 | Lukas 10 | Psalm 84 | **1 Samuel 3** | 1 Samuel 16 |
| Week 3 | Lukas 11 | Lukas 12 | Psalm 103 | 1 Konings 18 | **2 Konings 5** |
| Week 4 | Matteus 10 | Johannes 4 | **Psalm 139** | Rut 1-2 | Rut 3-4 |

## April

Gelykenisse, konflik & die kruis - Die hart van Jesus en die pad na die kruis

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Week 1 | Lukas 13 | Lukas 14 | Psalm 32 | Nehemia 1 | **Nehemia 2** |
| Week 2 | Lukas 15 | Lukas 16 | Psalm 40 | Daniel 1 | **Daniel 3** |
| Week 3 | Lukas 17 | Lukas 18 | Psalm 130 | **Daniel 6** | Jesaja 53 |
| Week 4 | **Lukas 19** | Lukas 22 | Lukas 23 | Lukas 24 | Johannes 20 |

## Mei

Genade, regverdigmaking, heiligmaking - Lewe in die Gees

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Week 1 | Romeine 1 | Romeine 2 | Romeine 3 | Psalm 19 | **Jesaja 55** |
| Week 2 | Romeine 4 | Romeine 5 | Romeine 6 | Psalm 51 | **Spreuke 3** |
| Week 3 | Romeine 7 | Romeine 8 | Galasiërs 1 | Galasiërs 2 | **Psalm 139** |
| Week 4 | Galasiërs 3 | Galasiërs 4 | Galasiërs 5 | Galasiërs 6 | **Johannes 15** |

## Junie

Gemeente, karakter & genesing - Die nuwe mens, die nuwe gemeenskap

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Week 1 | Efesërs 1 | Efesërs 2 | Efesërs 3 | **Psalm 133** | Jesaja 40 |
| Week 2 | Efesërs 4 | Efesërs 5 | Efesërs 6 | **Spreuke 4** | Spreuke 15 |
| Week 3 | Filippense 1 | Filippense 2 | Filippense 3 | **Filippense 4** | Psalm 34 |
| Week 4 | **1 Petrus 1** | 1 Petrus 2 | 1 Petrus 3 | 1 Petrus 4 | 1 Petrus 5 |

## Julie

Wysheid, emosies & innerlike lewe - Die hart wat God vorm

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Week 1 | Psalm 1 | Psalm 16 | Psalm 42 | **Psalm 73** | Psalm 91 |
| Week 2 | Spreuke 1 | Spreuke 2 | Spreuke 9 | **Spreuke 16** | Spreuke 31 |
| Week 3 | Prediker 1 | **Prediker 3** | Prediker 5 | Prediker 7 | Prediker 12 |
| Week 4 | Job 1 | Job 2 | Job 38 | Job 39 | **Job 42** |

## Augustus

Sending & roeping - Die Gees stuur gewone mense

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Week 1 | Handelinge 1 | Handelinge 2 | Handelinge 3 | Psalm 67 | **Jesaja 6** |
| Week 2 | Handelinge 4 | Handelinge 5 | Handelinge 6 | Handelinge 7 | **Psalm 96** |
| Week 3 | Handelinge 8 | Handelinge 9 | Handelinge 10 | Psalm 117 | **Jona 1** |
| Week 4 | Handelinge 11 | Handelinge 12 | **Jona 2** | Jona 3 | Jona 4 |